# Ons skuld die wêreld

Belewenis met God.
Goeie nuus vir mense vertel.
Ons moet geseënde lewe hê.

**Belewenis met God**
Identiteit bepaal aktiwiteit.

Mense ken nie God nie, beleef nie die Here nie. Hulle moet Jesus deur ons leer ken. Hulle weet nie wat is Goddelike liefde, as hulle dit nie deur ons beleef nie. Ons is sout, identiteit. Wat doen ons? Wat leef ons dat mense God deur ons beleef.
Hulle moet God se liefde beleef. Beleef vergifnis deur ons. Beleef God wat hulle help deur ons. Beleef gesond maak.
Ons gee vir iemand my broodjie, gee my vriendelikheid, gee my glimlag.
Beleef God wanneer ek vir hulle bid. Word gesond, bewaar hulle, help hulle
Ons moet die lewe lekker maak vir mense.
Die wereld skuld ons niks nie, ons skuld die wereld.
As jy baklei, vloek, lelik is met maatjies. Dan beleef hulle nie God nie.
Is dit lekker as pa en ma baklei. Is dit lekker as die kinders baklei.
**Joh 5:2-9 By die Skaappoort in Jerusalem was daar 'n bad met die Hebreeuse naam Betesda. Dit het vyf pilaargange gehad, (3) waar daar baie gestremdes gelê het: blindes, kreupeles en lammes. (5) Onder hulle was daar 'n sekere man wat al ag en dertig jaar lank siek was. (6) Jesus het hom sien lê en het geweet dat hy al baie lank siek was. Toe vra Hy vir hom: "Wil jy gesond word?" (7) Die sieke het Hom geantwoord: "Meneer, ek het niemand om my in die bad te sit as die water in beweging kom nie; en terwyl ek aansukkel, gaan iemand anders voor my in." (8) Jesus sê toe vir hom: "Staan op, tel jou goed op en loop." (9) Oombliklik het die man gesond geword, sy goed opgetel en geloop. Dit was 'n sabbatdag.**

**Goeie nuus vir mense vertel.**

Identiteit bepaal aktiwiteit.

Jesus vertel goeie nuus vir ons, vertel wie ons is. Ons is nie sleg nie. Ons is great. Ons is iets. Jy is ‘n blessing. Jy is Sy vriend, jy is sterk. Jy is slim.
Ons is iets, maar ons het ook iets om te gee.
Ons het ‘n goeie storie om vir mense te vertel.
Goeie storie hoe die Here ons gehelp het, gesond gemaak het.
Duiwel wil vir ons vertel jou storie is nie so goed nie, of mense gaan vir jou lag.
Duiwel vertel jou, jy is skaam om vir mense te vertel.
Duiwel wil nie dat mense van God se sout proe nie, want dan gaan julle ook sout wil word.
Ons moet dit gee. Sout gee, dan raak mense dors wil water hê, Jesus is lewende water
Wat Ons ook het, ons moet vertel wie God regtig is. Ons moenie lieg oor die Here nie.
Ek moet weet wie ek is, maar ek moet ook weet wie Jesus is.
Lieg: God hou nie van stout kinders nie. Jesus sal jou dood maak.
Jy gaan hel toe! Jesus het jou siek gemaak. Wat het jy verkeerd gedoen dat die Here jou straf. Dit is ‘n lieg.
Jy moet vertel dat Jesus jou sonde vergewe het. Ons moes pak kry, toe het Jesus kom sê, Hy sal die pakslae vat, sodat ons hoe pak te kry nie. Vertel Jesus roep ons.
Jesus het ons lief. Hy gee om vir ons. Jesus wil hê ons moet by Hom wees. Saam met Hom loop. Hy is saam by die skool.
Goeie nuus, Jesus is nie daar vêr nie, in ons, by ons. Hy sit by ons.

**Luk 19:1-10 Jesus het in Jerigo gekom en was op pad deur die stad. (2) Daar was 'n man met die naam Saggeus, die hooftollenaar, 'n ryk man. (3) Hy het geprobeer om Jesus te sien, maar weens die skare kon hy nie, omdat hy te kort was. (4) Hy hardloop toe vooruit en klim in 'n wildevyeboom om Jesus te kan sien, want Hy sou daar verbygaan. (5) Toe Jesus by die plek kom, kyk Hy op en sê vir hom: "Saggeus, kom gou af, want Ek moet vandag in jou huis tuis gaan." (6) Hy het toe gou afgeklim en Jesus met blydskap ontvang. (7) Almal wat dit gesien het, het beswaar gemaak en gesê: "Hy gaan by 'n sondige man tuis!" (8) Maar Saggeus het opgestaan en vir die Here gesê: "Here, ek gaan die helfte van my goed vir die armes gee, en waar ek iets van iemand afgepers het, gee ek dit vierdubbel terug." (9) Daarop sê Jesus: "Vandag het daar redding vir hierdie huis gekom; ook hierdie man is 'n kind van Abraham. (10) Die Seun van die mens het immers gekom om te soek en te red wat verlore is."**

**Ons moet geseënde lewe hê.**
Identiteit bepaal aktiwiteit.

**Jy moet goeie verhoudings hê.**
Bestuur jou verhoudings, sodat jou kant skoon is.
Jy besluit hoe lyk jou verhoudings.
7 woord kan enige verhouding regmaak
EK WAS VERKEERD SAL JY MY VERGEWE

**Jy moet altyd vriendelik EN geduldig wees.**
Jy is altyd sout. Jy sukkel nie. Jy is dit.
**Gal 5:22-23 Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, (23) nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge het die wet niks nie.**

Jy moet lag en die lewe geniet. Ons moet positief wees. Ons glo in die Here.

**Jy moet geld hê.**
Ons moet reg met geld werk. Moenie van die Here steel nie.
Wat doen mense, as hulle kos kry, gooi eerste die sout op die kos.

**Spr 3:9-10 Vereer die HERE uit jou goed en uit die eerstelinge van al jou inkomste; (10) dan sal jou skure vol word van oorvloed en jou parskuipe oorloop van mos.**

Maklik om gelukkig te leef.

Spreuke kom van Hebreurse woord, om te heers. Antwoord op probleem. Spreuke gee ons wysheid, gee manier hoe om te heers.
Geld moenie oor jou heers nie, jy moet oor Geld heers.
Geld is ‘n gees, stel dit onder die here se gesag.
Maat begin om te doen wat die here sê.
Vertrou die Here eerste. Hy sal jou help met al die ander dinge.

# Die sout moet uit kom!!!!